## FONDSINSAMELING RIBBURGERS

Ons beplan om vir
**Woensdag 12 November**
'n klompie ribburgers te maak
@ R 40 per burger.
U is welkom om u bestellings voor of op

***Maandag 9 November***
deur te gee aan
Yolandé 084 597 8903
of aan
Jannes 072 224 7181
of Pieter 082 923 1384
of 018 294 4600 by die kerkkantoor

Ondersteun asseblief die projek deur waar u woon en werk en leef bestellings te neem – dit word baie waardeer.

## DANKOFFER-BYDRAE EN KOLLEKTES SE INBETALINGS

Lidmate word daaraan herinner om u **maandelikse dankoffer-bydrae** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word.**

**Besonderhede van die rekeninge** word hier onder gegee.

Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.**
Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom.**
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank: Potchefstroom.




# Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 41, nr 37 Sondag 2 November 2025
***Redakteur:*** **Rudy van der Spoel** 082 864 4422
rudynell@telkomsa.net


**Eredienste**: 09:30 en 18:00 — **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
**Kantoor 018 294 4600** — **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
**Orrelis:** Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za
**Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384** — **E-posadres:** kantoor@gkpotchefstroom.co.za

**Diensbeurt by eredienste:**
**Ouderling:** Wyk 13 **Paul Schutte**
**Diaken:** Wyk 13 **vakant**
**Skinkbeurt:** Wyke 6 en 7: Susters **Marlise Stoop en Anita Stavast**

**EREDIENSTE** Oggend prof Callie Coetzee, aand ds Jannesnvan Dyk

***Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers***

**Oggenddiens om 9:30, aanddiens om 18:00**
**Eredienste ook per whatsapp.**

**OGGEND Voorafsang:** Psalm 100: 2, 3.
**Skriflesing:** 2 Korintiërs 6, 7.
**Sang tydens die erediens:** Psalm 16: 1, 2, 3; Psalm 99: 4, 5; Psalm 93: 2, 3 (melodie van "Bly by my Heer", asb); Skrifberyming 45 (18/7): 1, 3.
**Sang met meelewing:** Psalm 4: 3, 4.

**AAND Woordbediening:** 1 Korintiërs 10:1-22.
**Fokusvers:** 1 Korintiërs 10:11-13.
**Belydenis:** Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 5, paragraaf 4.
**TEMA:** ***God se mag en getrouheid word nie deur ons sondige natuur oorwin nie, tog ontneem dit ons nie ons verantwoordelikheid tot waaksaamheid nie.***
**Sing:** Psalm 130: 3, 4; Psalm 89: 1, 9, 12; Skrifberyming 15 - 7: 4, 5 [43]; Skrifberyming 14-1:1, 3 [73]; Psalm 134:1, 2, 3.

**KOLLEKTES VANOGGEND: Diens van Barmhartigheid** in die **BLOU** sakkies en in die ROOI sakkies vir *Teologiese Studentekas*. Volgende week – Teologiese Hulpfonds

**VANAAND: Diens van Barmhartigheid** (BLOU) en **Kerkkas** (ROOI).

**EREDIENS : HUIS EIKELAAN**

Volgende Sondag 9 November sal DV prof Francois Viljoen van die TSP om 15:30 in die erediens in die kapel van Huis Eikelaan voorgaan. Die toesigbeurt sal waargeneem word deur ouderlinge Koos Nortjé en Klaas Wyma.

## LIEF EN LEED *OOG VIR MEKAAR*

**MEEGEVOEL**

Ons betuig ons innige meegevoel met broers en susters wie se geliefdes in die Here ontslaap het. Ons is saam met u ons Here dankbaar dat ons seker mag weet hulle wat vir die Here geleef het, ook vir Hom gesterf het en of ons lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here.

Ons maak met leedwese bekend dat **Ds Pieter Harris**, emerituspredikant van Gereformeerde Kerk Hoëveld op 23 Oktober oorlede is en **Ds Danie Snyman**, emeritus predikant van Pretoria Magalieskruin op 27 Oktober. Dit is ons bede dat ons Hemelse Vader hulle dierbares ryklik sal vertroos en in sy liefde dra.

**VOORBIDDING**

Ons doen graag voorbidding vir die volgende broers en susters en hulle geliefdes. Mag ons hemelse Vader u in sy liefde en trou vashou, dra en ook vir u uitkoms gee:

Ons volhard in ons voorbidding vir **Magda Pelser-van der Merwe** wat aansterk nadat sy onlangs 'n oogprosedure by die Ooginstituut in Pretoria ondergaan het. Daarby het sy Maandag weer 'n noodafspraak by die Ooginsitituut gehad en ons is saam dankbaar dat daar nie 'n retinale loslating was soos wat aanvanklik gevrees is nie.

**Nelis en Dina Coetsee** het Donderdagaand berig ontvang dat 'n kleindogter van hulle in Pretoria, klein Douline (4 jaar), met 'n gewas op die brein, baie naby aan die oë, gediagnoseer is. Sy het Vrydag alreeds 'n prosedure ondergaan om drukking op die brein te verlig en sal DV vandag 'n operasie ondergaan om 'n deel van die gewas te verwyder. Douline is die agter-kleindogter van Peet Buys. Ons verseker Nelis en Dina en Peet van ons voorbidding vir hulle as familie.

**Magda VIljoen** moet in die komende dae 'n opvolgbesoek by die onkoloog bring. Ons verseker haar en Hennie en Carina van ons voorbidding vir die besoek. Mag ons hemelse Vader die besoek seën tot eer van sy Naam en mag Hy aan u sy vrede gee.

**Susan Coetzee** is Donderdag in Mooimed Hospitaal opgeneem waar die spesialis nou sekere toetse wil doen. Daarby moet Susan in die afsienbare toekoms 'n MR skandering van haar hart ondergaan en ook verdere bloedtoetse wat deur die hematoloog aangevra is. Prof. Callie ondergaan môre 'n angiogram in die Anncron Hospitaal. Ons verseker hom en Susan van ons voorbidding vir hulle. Mag ons hemelse Vader in sy trou vir u uitkoms gee tot eer van sy Naam.

**DANKBAARHEID**

Ons deel in die dankbaarheid en vreugde van ons broers en susters en ook in die dankbaarheid van hulle geliefdes vir wie daar deur ons Here se genade uitkoms gekom het..

**VOORSPOEDIGE REIS / WELKOM TERUG**

Van ons broers en susters gaan vir korter of langer periodes met reis of met vakansie – ook na die buiteland. Mag ons hemelse Vader u voet op die reispad behoed en u beskerm en veilig na ons terug bring.

## VERJAARDAE/HERDENKINGS GEDURENDE DIE WEEK

Hartlik geluk aan die lidmate wat DV gedurende hierdie week hulle verjaardae vier! Saam met u dank ons die Here vir sy groot genade en bid ons dat Hy u ook in die nuwe lewensjaar ryklik sal seën tot eer van sy Naam!

| Dag | Datum | Naam en van |
|---|---|---|
| Di | 04/11 | **Miekie Coetsee**, Wyk 3 |
| | | **Annetjie Kruger (94)**, Wyk 12 |
| Wo | 05/11 | **Carmie Huisman**, Wyk 2 |
| | | **Frieda v d Walt (80)**, 071 169 6521. Wyk 6 |
| Sa | 08/11 | **Pollie Janssen van Rensburg (84)**, Wyk 2 |
| | | **Antoinette van Heerden (6)**, Wyk 3 |
| | | **Aliva de Klerk (1).** Wyk 7 |

**Sing met meelewing:** Psalm 4: 3 en 4

# ALGEMENE AFKONDIGINGS

## DAGBOEK

| Dag | Datum | Tyd | Aktiwiteit | Vergaderplek |
|---|---|---|---|---|
| Siekebesoek, pastorale besoeke en huisbesoeke volgens afspraak. | | | | |
| Ma | 03/11 | 09:00 | Deputate Liturgiese Sake | Virtueel |
| Di | 04/11 | 08:30 | Predikantebyeenkoms | GK Potch-Bult |
| | | 10:30 | Teologiese studente | Bovertrek |
| | | 12:00 | Alle agendastukke vir die breë kerkraads-vergadering ingedien | Kerkkantoor |
| | | 14:00 | KFO vergadering | TSP Senaat-saal |
| Wo | 05/11 | 18:00 | Bybelstudie: 2 Korintiërs Studie 4 | Konsistorie |
| Do | 06/11 | 10:30 | Bybelstudie: 2 Korintiërs 1, | Kerksaal |
| So | 09/11 | 15:30 | Erediens: Huis Eikelaan prof FP Viljoen | Kapel |
| | | 19:00 | Diakonie vergader | Konsistorie |
| Wo | 12/11 | 09:30 | **RIBBURGERS** | Kerksaal |
| So | 16/11 | 09:30 | Voorbereiding | |
| | | 19:00 | Kerkraad en Diakonie vergader | Kerkgebou |
| Di | 18/11 | 09:00 | Streeksinode Noordwes | GK Potch |
| So | 23/11 | 09:30 | **Nagmaal en gemeente –ete** | |
| So | 30/11 | 11:00 | Kersprogram | Kerkgebou |

| **KATKISASIE** | **Sondag 2 November** | **Sondag 9 November** |
|---|---|---|
| **Hoërskoolkatkisasie** | Les 21 | Les 22 |
| **Lesrooster:**<br>**Psalmvers:**<br>**Heidelbergse Kategismus:**<br>**Memoriseerwerk** | Les 21<br>Psalms 47:1<br>Sondag 21<br>Twaalf Artikels | Les 22<br>Psalms 47: 1<br>Sondag 22<br>Twaalf Artikels |



**Bybelstudie Huis Eikelaan**
Daar sal ongelukkig nie Bybelstudie by Huis Eikelaan wees eerskomende Dinsdag

**Verlof: Malie Wyma**
Die kerkraad het Sondag 19 Oktober twee weke verlof aan Malie Wyma toegestaan. Sy sal dus vir die volgende twee weke nie op kantoor wees nie. Ons bid haar en Klaas 'n geseënde rustyd toe.

## Huweliksherdenkings

Ons deel in die vreugde en dankbaarheid van ons broers en susters wat in die komende week hulle huweliks-herdenkings vier. Mag ons Here u steeds met sy genade vervul en gee dat u in alle god-saligheid en liefde saam verbind lank en heilig mag lewe!
Vandag Sondag 2 November is **Karel en Suzie Marais** 57 jaar getroud 082 337 0397 en Dinsdag 4 November is **Schalk en Mart-Mari Engelbrecht** 8 jaar getroud 074 554 8806 . Baie geluk aan die twee egpare.




**Sondag 16 November om 15:30 Miederpark NG-kerk**
Kersfees-Vreugde --- Jesus: Hoop en Lig vir die Wêreld
Potchefstroomse Mannekoor o.l.v. Hilde Roos
met sopraan Marguerite van Wyk
Klokkiespel deur Moira van der Merwe asook Orrelspel, Trompet en Fluit. 'n Massa-mannekoor deur manne van Potchefstroom, Carltonville en omgewing en die kinderstemme van die Sterretjies.

Kaartjies R 120 en R 60 (Skoliere en Studente) beskikbaar by Rudy van der Spoel